

4 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Tesselonisense 2:1-12

Fokusgedeelte: 2 Tesselonisense 2:3-4

Wederkoms en dwaling

In die kerkgeskiedenis is baie voorbeelde van gelowiges wat in hulle woorde en werke uitmunt, maar dan meteens oor 'n sekere aspek van hulle denke verward raak.

Dit was die geval met die Christene van Tessalonika wat ondanks verdrukking en vervolging in hulle toewyding aan die Here gegroei het. Mense het wyd en syd vertel van die werke van hulle geloof én die inspanning van hulle liefde én die volharding van hulle hoop. Paulus en sy makkers het met trots by ander kerke van hulle gepraat.

Nogtans móét die blink geldstuk ook sy dowwe keersy vertoon: hulle entoesiasme oor die oomblik van Jesus se wederkoms was voorbarig en voortydig. Want hulle het Paulus se prediking oor die onverwagse verskyning van Jesus verkeerd verstaan, of anders het valse leraars hulle met leuens om die bos gelei. Hulle het immers begin vra of die dag van die Here waarop Jesus sou verskyn nie reeds aangebreek het nie.

Die gevolg van sulke bespiegeling is dat jy jou werk verwaarloos en tewens vergeet van die bose magspel van die antichris vóór Christus se koms. Tans word hierdie krygsman van Satan betoel, maar hy sál kom asof hy God is en allerhande gruwelikhede verrig.

Daarom is Paulus se ernstige versoek aan *alle* Christene dat hulle tog nie mislei moet word nie. Ons moet bid vir geloof en hoop en liefde, maar beslis ook vir oë om die ondermyningswerk van Satan betyds te sien.

Sing: Psalm 25:2, 6

Ds N Vorster (Emeritus)